basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## SIVIELE TEGNOLOGIE: SIVIELE DIENSTE

## 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**VRAAG 1: WBGV, MATERIAAL, VEILIGHEID, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN HEGTING (GENERIES)**

1.1 1.1.1 G ✓ (1)

1.1.2 E ✓ (1)

1.1.3 A ✓ (1)

1.1.4 C ✓ (1)

1.1.5 D ✓ (1)

1.2
- Wanneer swaar materiale/vragte nie korrek opgetel/opgelig/afgehaal/ hanteer word nie. ✓
- Die verkeerde liggaamsposisie wanneer swaar vragte opgelig moet word.
- Nie gebruik maak van veiligheidstoerusting.

**ENIGE EEN VAN BOGENOEMDE** (1)

1.3 ✓ ✓
1 : 4 **OF** 76° (2)

1.4
- 'n Opgeleide persoon moet die toestel gebruik. ✓
- Die toestel moet nooit oorlaai word nie. ✓
- Die hekke en draadkomponente van die hyser moet ten minste 1 980 mm hoog wees.
- Die hekke moet toe wees wanneer die hyser gebruik word.
- Noodremme moet geïnstalleer word.
- Veiligheidsmaatreëls moet binne die hyser vertoon word.
- Inspeksies en onderhoud moet elke ses maande uitgevoer word deur 'n gekwalifiseerde persoon.
- Oorhoofse beskerming moet voorsien word om werkers te beskerm teen vallende voorwerpe.
- Wanneer materiaal opgehys word moet dit korrek gepak en vasgemaak word.
- Die hyser moet weekliks nagegaan word deur 'n gekwalifiseerde persoon.

**ENIGE TWEE VAN BOGENOEMDE** (2)

1.5.1 A = Laserwaterpas ✓
B = Bukswaterpas ✓ (2)

1.5.2

| Laser waterpas (A) | Buks waterpas (B) |
|---|---|
| Bepaling van gelyke vlakke wanneer:<br>• teëls en plafonne geïnstalleer word. ✓<br>• stoelrelings geïnstalleer word.<br>• kragpunte binne 'n gebou gedurende konstruksie geïnstalleer word.<br>• prente gehang word.<br>• uitgrawings vir nuwe geboue plaasvind.<br>• vloere gelyk gemaak word.<br>• deure en vensters geïnstalleer word.<br>• rakke en kabinette inlyn gestel word.<br>• balke op dekke, heinings en afdakke gelyk gestel word.<br>• geboue op 'n terrein uitgesit word.<br>• die uitlê van heinings, pale en dekke gedoen word.<br>• gradiënte/hellings vir riolering en besproeiing gemeet word.<br>• kontoere vir boerdery en riolering vasgestel word.<br><br>• Om vlakke en hellings te bepaal wanneer rioolpype geïnstalleer word. | Die bukswaterpas word gebruik wanneer:<br>• verskille in gelyktes en vertikale hoogtes, oor lang afstande bepaal word.✓<br>• gelyke vlakke en hellings bepaal word.<br>• geboue uitgesit word.<br>• gelyke vlakke en hoogtes oorgedra word.<br>• afstande tussen twee punte bepaal/gemeet word. |

**ENIGE EEN IN ELKE KOLOM HIERBO** (2)

1.6 1.6.1 Rawlbout ✓ (1)

1.6.2 **A** – Boor 'n gat met die regte diameter en diepte. ✓
**B** – Verwyder vuiligheid deeglik en borsel/blaas die gat skoon. ✓
**C** – Verwyder die bout en waster, sit die hulsel in die gat en lyn die die basisplaat op met die gat. ✓
**D** – Sit die bout en wasser in die gat saam die basisplaat en draai vas tot deeglik vas is. ✓ (4)

1.6.3 Rawlboute:
- is 'n sterker hegstuk as 'n skroef en plastiese prop. ✓
- word ontwerp met 'n hoë uitreksterkte.
- het goeie meganiese eienskappe soos trek-en meegeekragte.
- het goeie dravermoë.
- het goeie toleransie en variasies in gat-groottes.

**ENIGE EEN VAN BOGENOEMDE** (1)
**[20]**

**VRAAG 2: GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL (GENERIES)**

**ANTWOORDBLAD 2**

| NR. | VRAAG | ANTWOORD | PUNTE |
|---|---|---|---|
| 1 | Identifiseer die aansig in FIGUUR A. | Oostelike aansig/Oosaansig/Oos ✓ | 1 |
| 2 | Noem die skaal van FIGUUR B. | 1 : 100 ✓ | 1 |
| 3 | Identifiseer nommer 1. | Windveer ✓ | 1 |
| 4 | Identifiseer nommer 2. | Dakoorhang/Dakrand/Oop dakrand ✓ | 1 |
| 5 | Beveel 'n geskikte afwerking vir nommer 3 aan. | Pleister/Verf/Siersteen/Teëls/<br>Bekleding ✓ | 1 |
| 6 | Wat word deur nommer 4 aangedui? | Deur/Ingangsdeur/Deuropening ✓ | 1 |
| 7 | Identifiseer die tekensimbool wat deur nommer 5 aangedui word. | Finale vloervlak/FVV ✓ | 1 |
| 8 | Identifiseer die tekensimbool wat deur nommer 6 aangedui word. | Natuurlike grondvlak/NGV ✓ | 1 |
| 9 | Wat word deur nommer 7 aangedui? | Trap ✓ | 1 |
| 10 | Gee die datum waarop die bouplan gedruk is. | 2019/06/16 ✓ | 1 |
| 11 | Wie het die bouplan nagegaan? | P Blade ✓ | 1 |
| 12 | Noem die elektriese tekensimbool in die kolom vir die notas in FIGUUR 2 wat by 'n trap geplaas moet word. | Tweerigtingskakelaar ✓ | 1 |
| 13 | Noem die elektriese onderdeel in die kolom vir die notas in FIGUUR 2 wat by die ingangsdeur van die huis geplaas moet word. | Muurlig ✓ | 1 |

MOENIE HIERDIE TWEE VRAE NASIEN NIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14 | Identifiseer die tipe dak wat op die gebou in FIGUUR A word gebruik. | Geweldak ✓ | 1 |
| 15 | Verduidelik die doel van nommer 1. | Om die daksparre/daklatte te bedek/Geheg aan daksparre/daklatte vir 'n netjiese voorkoms/Om die gewelent van die dak af te rond.✓ | 1 |
| 16 | Wie is die eienaar van hierdie huis? | Mnr. H Smith ✓ | 1 |
| 17 | In watter straat is die voorgestelde woonhuis geleë? | Jupiterstraat ✓ | 1 |
| 18 | Identifiseer nommer 8. | Reënwaterafvoerpyp/Afvoerpyp ✓ | 1 |
| 19 | Waarvoor word die sanitêre toebehore by nommer 9 gebruik? | Om jou gesig/liggaam te was ✓<br>Tande te borsel<br>Hande te was<br>Was/Uitspoel | 1 |
| 20 | Beveel alternatiewe sanitêre toebehore aan om nommer 10 te vervang en wat dieselfde doel sal dien. | Bad ✓ | 1 |
| 21 | Verduidelik die doel van nommer 11 soos op die trap aangedui. | Bordes dien as rusplek/Verandering van rigting van die trap. ✓ | 1 |
| 22 | Wat word deur nommer 13 aangedui? | Noodlig/Buitelig/Muurgemonteerde lig ✓<br>Wydte van muur/100 mm | 1 |
| 23 | Wat word deur nommer 15 aangedui? | Noord-simbool/-rigting/-punt ✓<br>Rigtingaanwyser | 1 |
| 24 | Lei die hoogte van venster 1 van die vensterskedule af. | 1,8 m of 1 800 mm ✓ | 1 |
| 25 | Lei die wydte van venster 2 van die vensterskedule af. | 2,4 m of 2 400 mm ✓ | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 26 | Noem die aansigte van die gebou waar die trappe geleë is. | Westelike aansig/Wesaansig/Wes ✓<br>Suidelike aansig/Suidaansig/Suid ✓ | 2 |
| 27 | Onderskei tussen die elektriese simbole wat deur nommer 12 en 14 aangedui word. | 12 – Eenrigting-ligskakelaar enkelpool ✓<br>14 – Eenrigting-ligskakelaar dubbelpool ✓ | 2 |
| 28 | Beveel 'n geskikte vloerbedekking vir die sitkamer aan. | Teëls/Novilon/Matte/Gelamineerde vloere/Houtvloere ✓ | 1 |
| 29 | Bereken die oppervlakte van die sitkamer in m². Toon ALLE berekeninge. | 6 m ✓ x 3 m ✓ = 18 m² ✓<br>**OF**<br>6 000 mm x 3 000 mm = 18 m² | 3 |
| 30 | Bereken die omtrek van die gebou. Toon ALLE berekeninge. | (220 + 3 000 + 110 + 3 000 + 220) ✓ x 2 ✓<br>= 6 550 x 2<br>=13 100 mm ✓<br>(220 + 6 000 + 220) ✓ x 2 ✓<br>= 6 440 x 2<br>= 12 880 mm ✓<br>13 100 +12 880<br>= 25 980 mm ✓ **OF**<br>= 25,98 m | 7 |
| | | **TOTAAL:** | **40** |

**VRAAG 3: KONSTRUKSIE WAT MET SIVIELE DIENSTE VERBAND HOU, WBGV, VEILIGHEID EN HOEVEELHEDE (SPESIFIEK)**

3.1 3.1.1
- Die riool beweeg by **A** in die sisteem in✓ en verlaat die sisteem by **D**. ✓
  **OF**
- Riool vloei vanaf **A** na **D**. (2)

3.1.2 Takkanaal/Oopkanaal ✓ (1)


3.1.3 Vloeivulling moet teen 'n helling geïnstalleer word vir die volgende redes:

- om te verseker dat riool terug gly na die kanaal. ✓
- sodat rotte en ander peste hulself nie daar kan vestig nie.

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)

3.1.4 Ingenieursteen/Siersteen/Gewone steen/Pleistersteen ✓ (1)

3.2




Snit korrek geteken ✓

| **ASSESSERINGSKRITERIA** | **PUNTE** |
|---|---|
| Vyf steenlae in strykverband | 5 |
| Halfsteen op elke ander planlaag aan linkerkant | 3 |
| Snit korrek geteken | 1 |
| Arseringslyne (Aanvaar enige tipe arserseringslyne vir steenwerk) | 1 |
| **TOTAAL:** | **10** |

(10)

3.3 3.3.1 Redelike ferm grond ✓ (1)

3.3.2 **A** – Stutplanke/planke ✓
**B** – Stut ✓ (2)

3.4 Respirator/Asemhalingstoestel ✓ (1)

3.5 Regulasies wanneer daar op hoë plekke gewerk word:

- stel 'n bevoegde persoon aan wat verantwoordelik is vir die voorbereiding van 'n valbeskermingsplan. ✓
- verseker dat die valbeskermingsplan geïmplementeer word, gewysig word soos en wanneer nodig, en soos nodig gehandhaaf word. ✓
- verseker dat stappe gedoen word om nakoming van die val-beskermingsplan te verseker. ✓ (3)

3.6

| A | B | C | D | |
|---|---|---|---|---|
| | | | **Totale lengte van afskortingsmuur:** | |
| | | | 1/ 1 200 mm - 2 /220 mm ✓ | (2) |
| | | | = 760 mm ✓ | |
| | | | | |
| | | | **Oppervlakte van afskortingsmuur:** | |
| 1/ | 0,76 ✓ | | | (3) |
| | 1,2 ✓ | 0,91 $m^2$ ✓ | | |
| | | | | |
| | | | **Getal stene benodig vir die afskortingsmuur 5% vermorsing uitgesluit** | |
| 1/ | 0,91 ✓ | | | (3) |
| | 50 ✓ | 45,5/46 ✓ | 46 stene word benodig. | |
| | | | | |
| | | | | |

**[30]**

**VRAAG 4: WARM- EN KOUEWATERTOEVOER, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN MATERIAAL (SPESIFIEK)**

4.1.1 Songeiser ✓ (1)

4.1.2 Sonlig ✓ (1)

4.1.3 Nadele vir die gebruik van hittepompe:
- Dit gebruik elektrisiteit. ✓
- Dit is duur. ✓
- Werk nie goed in alle klimate nie.
- Ekstra hitte is nodig vir laer temperature.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)

4.2 4.2.1 Voorkoming van swak warmwaterdruk:
- Vervang geiser as dit foutief is met 'n nuwe/moderne weergawe van 'n hoë-druk spesifikasie geiser. ✓
- Vervang verstopte pype.
- Vervang kleppe indien hul foutief is.
- Maak pype skoon.

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)


4.2.2 Voorkom dat water nie warm genoeg is nie:
- Stel die termostaat na ‘n hoër temperatuur. ✓
- Vervang die termostaat en element indien dit foutief is.
- Vervang die geiser indien dit foutief is.

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)

4.2.3 Voorkom dat ‘n druppende geiser oorloop:
- Vervang die drukbeheer/ontlasklep. ✓
- Vervang die veer in die drukbeheer/ontlasklep.
- Maak die filter van die drukbeheer/ontlasklep skoon.
- Vervang die rubber seël van die drukbeheer/ontlasklep. (1)


**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE**

4.3 4.3.1





✓✓ (2)

4.3.2




✓✓ (2)

4.3.3



✓✓ (2)

4.4 4.4.1 Volgangsklep ✓ (1)

4.4.2 A - Handwiel ✓
B - Drukstukmoer ✓ (2)

4.4.3 Hierdie klep kan by die volgende plekke gebruik word:

- geisers ✓
- watermeters
- 'n plek in die sisteem waar die watertoevoer afgesluit moet kan word.
- in ‘n watervoorsieningsisteem van ‘n gebou.
- binne/buite ‘n gebou

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)

4.5 Toestelle wat water gebruik kan verlaag is:

- waterbesparende belugtertoestel by ‘n kraan. ✓
- sensor/elektroniese-krane. ✓
- afgemete krane.
- aanvraagstaankraan
- waterbesparende stortkoppe.
- spoeltoestelle met twee knoppies om water te bespaar.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)

4.6 Hoe om 'n gegalvaniseerde pyp te herstel as ‘n Johnson-pypkoppeling gebruik word:

- sluit watertoevoer af. ✓
- gebruik 'n pypsnyer/ystersaag en sny die beskadigde deel van die pyplyn af. ✓
- plaas die Johnson-pypkoppeling oor die een kant van die pyp, en maak seker dat die rubberseël in plek is en heg dit aan die middelkoppelstuk vas.✓
- voeg 'n nuwe lengte pyp by.✓
- plaas die Johnson-pypkoppeling oor die anderkant van die pyp en maak dit vas aan albei kante.✓
- Toets vir lekplekke.

**ENIGE VYF VAN BOGENOEMDE** (5)

4.7 4.7.1 E ✓ (1)

4.7.2 B ✓ (1)

4.7.3 A ✓ (1)

4.7.4 F ✓ (1)

4.7.5 C ✓ (1)

4.8 Probleme wat veroorsaak kan word deur ontsinking:

- wanneer suurstof en water teenwoordig is sal sink van die oppervlakte van ‘n allooi geleidelik oplos. Die materiaal wat agterbly sal ‘n swak, sponserige koperlaag vorm. ✓
- dit kan deur die onderdeel/pyp dring en lekplekke veroorsaak.✓
- dit kan verstoppings veroorsaak as dit 'n neerslag vorm.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)

4.9 Metodes om galvaniese korrosie in metale te voorkom:

- isoleer die twee metale elektries. ✓
- maak seker dat daar geen kontak met elektroliet is nie. ✓
- wend 'n antioksidant pasta op koper-en aluminium oppervlakte aan.
- kies metale wat soortgelyke elektrodepotensiale het.
- verbind 'n gelykstroom(GS)-toevoer om die korroderende galvaniese stroom tee te werk.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)

4.10 4.10.1 Pypskroefdraad-snymasjien ✓ (1)

4.10.2
- Om draad te sny in pype ✓
- Om pype te sny
- Om pype te ruim
- Om draad te sny in moere of boute

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)

4.10.3 Faktore wat oorweeg moet word wanneer hierdie masjien versorg word:

- Masjiene moet goed in stand gehou word. ✓
- Hou snygereedskap skerp en skoon. ✓
- Gaan masjien na vir wanrigting of stremming van bewegende dele, stukkende dele, of enige ander toestand wat die masjien se werking kan benadeel.
- Gebruik slegs onderdele wat deur die vervaardiger aanbeveel word.
- Olie die oppervlak van pyp voor dit gesny word.
- Begin die sny van draad stadig aan die begin en gaan dan oor na 'n matige pas.
- Maak die masjien aan 'n werksbank of staander vas.
- Hou die dekstukke in plek.
- Ondersteun lang, swaar pype as dit gesaag word.
- Moenie handskoene of lospassende klere dra wat in bewegende dele van die masjien kan vassit nie.
- Moenie die masjien gebruik as die voetskakelaar stukkend is nie.
- Maak die kloukopwiel styf vas en koppel die agterste sentreertoestel voordat jy die masjien aanskakel.
- Sluit die voetskakelaar wanneer die masjien nie gebruik word nie om te verhoed dat dit per abuis aangaan.
- Gebruik die klamp of enige ander praktiese manier om die pyp of werkstuk vas te hou en te ondersteun.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)

4.11 Waterdruktoetspomp word gebruik om die druk van waterstelsels te toets.✓ (1)

4.12 Faktore wat in ag geneem moet word wanneer die waterdrukpomp versorg moet word:

- Hou die tenk en pompstelsel skoon. ✓
- Die suigpyp word van 'n filter voorsien om te verhoed dat vuiligheid by die drukstelsel in kom. ✓
- As die filter verstop raak, verwyder die vuiligheid en maak die filter met water skoon.
- Ghries die suier gereeld met waterwerende ghries.
- Maak seker dat die suier nie beskadig word nie.
- Skakel die toetspomp na gebruik af, ontkoppel dit van die stelsel en bêre dit op 'n veilige plek.
- Gebruik slegs vloeistowwe wat vir die toetse gespesifiseer word.
- Geen sure of ander bytmiddels mag gebruik word nie.
- Gebruik slegs skoon water, olie kan gebruik word as alternatief.
- Kontroleer die pomp vir beskadigde of stukkende onderdele voordat dit gebruik word.
- Die pomp moet nie gebruik word as drukslange of ander dele stukkend of beskadig is nie.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)

**[40]**

**VRAAG 5: GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL, DAKWERK EN STORMWATER (SPESIFIEK)**

5.1 5.1.1 Doodloopent ✓ (1)

5.1.2 Voegskort ✓ (1)

5.1.3 Ystersaag ✓ (1)

5.1.4 Koppelklem ✓ (1)

5.1.5 Fassieplank ✓ (1)

5.2 5.2.1 Vierkantige geut/geut ✓ (1)

5.2.2 Knikpyp ✓ (1)

5.2.3 Pypboei – word gebruik om die afvoerpyp aan die muur te anker. ✓ (1)

5.3 5.3.1 Rooster ✓ (1)

5.3.2 Ander metodes om water na opvangsgebiede te lei is:

- dakgeute wat reënwater versamel en na afvoerpype voer. ✓
- mangate gekoppel aan stormwaterriole voer die water vanaf bewoonde gebiede weg na riviere of damme.✓
- om water in vore na opvangsgebiede af te voer.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)


5.3.3 Swak geboude of swak bestuurde stormwater sisteme kan lei tot:

- ongemak vir inwoners of die publiek.✓
- lewensverlies.
- skade aan eiendomme.
- besoedeling van die omgewing.
- negatiewe omgewingsimpak.

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE**

(1)

5.4




Kandidate kan enige EEN van die twee metodes gebruik:

1. Bereken die omtrek en deel deur 12

**OF**

2. Meet die afstand tussen enige twee dele van die bo-aansig (sirkel)

**TEKENING NIE VOLGENS SKAAL NIE:**
**GEBRUIK 'N MASKER OM DIE VRAAG TE MERK**


| **ASSESSERINGSKRITERIA** | **Kode** | **P** |
|---|---|---|
| Konstruksielyne na toppunt van keël | 1 | 2 |
| Konstruksielyne van buitesirkel | 2 | 2 |
| Verdeel buitesirkel in 12 dele | 3 | 1 |
| Konstruksielyn van toppunt van keël na buitesirkel | 4 | 3 |
| Keëlafmetings (afgemerk/oorgedra) van vooraansig om die bokant van die ontwikkeling te bepaal (EEN punt vir elke VIER koördinate = 3) | 5 | 6 |
| Buitenste lyne van ontwikkeling | 6 | 2 |
| 3 mm-soom aan albei kante | 7 | 2 |
| **TOTAAL:** | | **18** |

(18)
**[30]**

**VRAAG 6: RIOLERING, SANITÊRE TOEBEHORE EN HEGTING (SPESIFIEK)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | 6.1.1 | B ✓ | (1) |
| | 6.1.2 | A ✓ | (1) |
| | 6.1.3 | C ✓ | (1) |
| | 6.1.4 | A ✓ | (1) |
| | 6.1.5 | C ✓ | (1) |
| 6.2 | 6.2.1 | Sperder A – het die vorm van 'n S. ✓<br>Sperder B – het die vorm van 'n P. ✓ | (2) |
| | 6.2.2 | Dit vorm 'n waterseël om te verhoed dat gasse en onaangename reuke vanaf die rioolsisteem die atmosfeer binnedring. ✓ | (1) |
| 6.3 | 6.3.1 | Spoelbak/Waterbak/Houer om water te hou ✓ | (1) |
| | 6.3.2 | Die rubberkeël is smeebaar/elasties. ✓<br>Kan 'n waterdigte seël vorm tussen die pyp en die spoelkloset.<br>**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** | (1) |
| | 6.3.3 | Toegangs-aansluiting ✓ – Indien daar geen toegangs-aansluiting is nie, sal daar geen toegang wees na die pyp om verstoppings skoon te maak nie.✓<br>**OF**<br>Inspeksieoog – Indien daar nie 'n inspeksieoog is nie, sal daar geen toegang wees na die pyp om verstoppings skoon te maak nie.<br>**OF**<br>Drekwater sal uitvloei.<br>Gasse kan ontsnap. | (2) |
| | 6.3.4 | Rioolwisserstokke/Plunjer/Kronkelveër ✓<br>**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** | (1) |

6.3.5





**Lyndiagramme sal ook aanvaar word.**

| ASSESSERINGSKRITERIA | PUNT |
|---|---|
| Vorm van die vlotter | 1 |
| Hefboomarm | 1 |
| Geluiddempingspyp | 1 |
| Enige TWEE byskrifte | 2 |
| **TOTAAL:** | **5** |

(5)

6.4




| ASSESSERINGSKRITERIA | PUNT |
|---|---|
| 2 x steekoë korrek geplaas | 2 |
| 5 x inspeksieoë korrek geplaas | 5 |
| 1 x ventilasiepyp korrek geplaas | 1 |
| Rioolpype korrek geteken (hoof- en takpype) | 2 |
| **TOTAAL:** | **10** |

(10)

6.5 6.5.1 Stapelriool ✓ (1)

6.5.2 Die gryswater sal die bakterieë in die septiese tenk vernietig.✓ (1)

6.6
- Vakuum/Riooltenks word geïnstalleer in areas waar daar nie munisipale rioleringsisteme is nie. ✓
- Plase
- Plattelandse areas
- Nuwe ontwikkelings

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)


6.7 Inspeksiekamer ✓ (1)

6.8 Koperpype kan geheg word deur middel van:

- kapillêre/soldeerlasse ✓
- geelkoper kompressiekoppelstuk/knelkoppelstuk ✓ (2)

6.9

✓



✓

(2)

6.10 6.10.1 **A** – Trekspanning ✓
**B** – Skuifkrag ✓ (2)

6.10.2 Die posisie van die soldeerbout is belangrik omdat:

- behoorlike kontak van die soldeerbout met die metaal sal verseker dat die metaal warm word tot op die smeltingspunt van die soldeersel. ✓
- hitte oorgedra word vanaf die punt van die soldeerbout na die metaal. ✓
- die soldeersel smelt en dit in vloeistof vorm hou tydens die soldeer proses.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE**

(2)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

*Kopiereg voorbehou*